Vou en skeur af.

# MOSSEL BAY MUNICIPALITY
# MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT
# UMASIPALA WASEMOSSELBAYI

| | |
|---|---|
| REKENINGNOMMER: | 28-000783-003-5 |
| DATUM VAN REKENING: | 27/08/2018 |
| LAASTE KWITANSIE DATUM: | 26/08/2018 |
| VOORAFBETAALDE METERNOMMER: | |

Naam:
**KLOPPERS GJ**
Liggingsadres:
**10 MOSSELSTRAAT FRAAIUITSIG**

**BELASTING FAKTUUR MAANDELIKSE REKENING**

| DIENSTE DEPOSITO: | ERF NOMMER: | TOTALE WAARDASIE: | WYK No: |
|---|---|---|---|
| 0.00 | 783000 | 332000 | 4 |

| DATUM | BESONDERHEDE | BEDRAG |
|---|---|---|
| | BALANS OORGEBRING | 1313.96 |
| 23/08/2018 | WATER BESKIK. PAAIEMENT | 194.74 * |
| 23/08/2018 | ELEKTRISITEIT BESKIK. PAAIEMNT | 190.91 * |
| 23/08/2018 | BELASTING PAAIEMENT | 98.88 |
| | Balans Oorgedra | 0.49 - |
| | BTW OP '*' ITEMS: 50.30 ACB TOT: 0.00 | |

| KREDIET | 60 DAE | 30 DAE | LOPEND | Amount Due |
|---|---|---|---|---|
| 0.00 | 0.00 | 484.74 | 1313.75 | 1798.00 |

| BETALINGS MOET OP OF VOOR DIE VERVALDATUM GEMAAK WORD | BETAALBAAR OP | BEDRAG BETAALBAAR |
|---|---|---|
| | 17/09/2018 | 1798.00 |

SOUTH AFRICA
Permit Mail
P4010395

VAT No. / BTW Nr. 4830118370

101 Marsh Street
Private Bag X 29
MOSSEL BAY
6500
(044) 606 5000
(044) 606 5062
admin@mosselbay.gov.za
www.mosselbay.gov.za

## Payment Details / Betalings Besonderhede

NEDBANK MOSSEL BAY MUNICIPALITY
Rekening nr. - 1134644809
Takkode 198765

Verwys. Nr.: 280007830035

EasyPay >>>>>915262800078300351

pay@ your payment partner 11379 280007830035

## Message / Boodskap

MOSSEL BAY Municipality UMASIPALA
MOSSELBAAI Munisipaliteit WASEMOSSELBAYI

**KLOPPERS GJ**
**POSBUS 2725**
**GLEN BALLADE**
**1630**

280007830035

Fold and tear on perforation.

MOSSELBAAI
*Explore Endless Horizons!*

# NUUSBRIEF

**AUGUSTUS 2018**

## Maak gereed vir die 7de Sport & Rekreasiefees!




Die Mosselbaai Sport- en Rekreasiefees word vanjaar vir die 7de agtereenvolgende jaar aangebied en sal van 15 September tot 14 Oktober 2018 in en om Mosselbaai plaasvind.

Meer as 40 verskillende sportsoorte gaan deel wees van die fees, insluitend pluimbal, boks, brug, skaak, crossfit, domino's, gholf, motorsport, jukskei, karate, modelvliegtuie, netbal, sport vir bejaardes, Ruggakids, seil, tennis, en baie meer, sal aangebied word. Van die hoogtepunte is die PetroSA-marathon, die gewilde Moss March-pretstap, KFC Hoërskool Punt-kriekettoernooi (die grootste in die land) en die Punt Top 10-atletiekbyeenkoms.

Nog 'n hoogtepunt is die bekendstelling van die Burgemeester 7's-kompetisie vir rugby– en netbalspanne in landelike gebiede wat van 6 - 7 Oktober 2018 in Groot-Brakrivier sal plaasvind. Meer besonderhede en 'n volledige feesprogram sal op alle mediaplatforms beskikbaar gestel word.

## MOSSELBAAI-RAAD WYSIG GRAFKOSTE

Die Mosselbaai Stadsraad het op 'n Spesiale Raadsvergadering op 19 Julie 2018 besluit om sy tariewe vir begraafplase en grafpersele soos volg, terugwerkend tot 1 Julie 2018, te wysig: Perseelkoste wat R5 728 was, is na R1 056 verminder. Die nuwe tariewe verteenwoordig 'n subsidie van 80% van die werklike koste van 'n grafperseel aan die verbruiker. 'n Nuwe tarief van R493 vir 'n dubbelgraf vir hulpbehoewendes is ingestel, wat ook hoogs gesubsideer is. Die Raad het die ekstra myl gestap om armer huishoudings te help en het die volgende nuwe tariewe ingestel:

- Kindergraf - R350
- Enkelgraf - R700.



Die gewysigde en nuwe tariewe sal weer aan 'n openbare deelnameproses onderwerp word, waar lede van die publiek hul insette kan lewer.

Die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer Harry Levendal, het sy dank uitgespreek teenoor al die Raadslede en amptenare wat onvermoeid gepoog het om die kwessie so spoedig moontlik aan te spreek en op te los.

## RAADSDAGBOEK

| UITVOERENDE BURGEMEESTERS -VERGADERING | GEWONE RAADS-VERGADERING |
|---|---|
| 09:00 | 09:00 |
| 18 SEPTEMBER<br>16 OKTOBER | 27 SEPTEMBER<br>25 OKTOBER |

Alle vergaderings word in die Raadsaal van die Munisipaliteit gehou te Marshstraat 101, Mosselbaai. Alle vergaderings begin om 09:00, maar die datums en tye is onderhewig aan verandering.

Vir meer inligting of om datums en tye te bevestig, kontak die Munisipale Sekretariaat by (044) 606-5000 of stuur 'n e-pos na admin@mosselbay.gov.za.

**HOU MOSSELBAAI SKOON & HERWIN!**



## Soul-fees 2018 'n groot sukses!

Die heel eerste Mosselbaai Soul-fees was propvol kos vir die siel! Besoekers van wyd en syd het die fees besoek om hul liggaam en siel met verskeie aktiwiteite vir oud en jonk tydens die Soul-fees te voed.

Die hoogtepunt van die fees wat van 13-15 Julie gehou was, was die Nr 760 (potjiekos) pot. In 'n gees van omgee, is heerlike sop vir meer as 3000 behoeftige gesinne voorberei, terwyl feesgangers ook van die sop in 'n oulike Soul-feesblikbeker kon koop.

Die feesprogram vir die naweek het verskeie aktiwiteite en hope vermaak ingesluit, onder meer, 'n 'Pot-aan-die-Prut'-konsert, boekbesprekings, kosdemonstrasies, bekendes, 'n koffie-uitstalling, bier-en wyntent, 'n filmfees by die Monroe-teater, klassieke musiekaand by die Dias-museum asook 'n verskeidenheid kos en ander stalletjies om van te kies en keer.

Hoewel die hoof feesterrein by die Ou Kragstasie by Santos ingerig was, het meer as 30 restuarante in en om Mosselbaai ook eksklusiewe aanbiedings vir die duur van die fees aangebied. 'n Gratis vervoerdiens is aan feesgangers beskikbaar gestel om van en na die verskillende restuarante te pendel.



Die nuwe groep van 12 studente in die Burgemeester se Bevordering van Jeug-program saam met verskeie munisipale amptenare, wat ook as mentors vir die studente sal dien.

## 2DE GROEP JEUGPROGRAM-STUDENTE BEGIN

Die tweede groep studente van die Burgemeester se Bevordering van Jeug-program het op 2 Julie amptelik vir diens by die Mosselbaai Munisipaliteit aangemeld. Die nuwe groep van 12 studente is almal plaaslike jeug wat onsuksesvol was met hul aansoeke vir die Premier se Bevordering van Jeug-projek, 'n Wes-Kaapse provinsiale inisiatief wat deur die Premier se kantoor bestuur en gekoordineer word. Mosselbaai Munisipaliteit is die eerste wat die konsep aangepas het en op munisipale vlak toepas. Die studente is sedert dag een in die verskillende departemente geplaas waar hulle blootstelling sal kry in die omgewing van plaaslike regering en waardevolle ervaring sal opdoen met indiensopleiding.

**DIE DAMVLAKKE IN DIE MOSSELBAAI MUNISIPALE GEBIED SOOS OP 30 JULIE 2018:**



Wolwedansdam
**79.14%**
Klipheuweldam
**67.40%**
Ernst Robertsondam **45.15%**

## THUSONG-SENTRUM HOU UITREIK IN SEPTEMBER

Die Mosselbaai Thusong-dienssentrum gaan weer 'n uitreikgeleentheid van 19 - 20 September vir die groter Mosselbaai hou.

Die dienste van verskeie regeringsinstansies soos die Padongelukkefonds, Suid-Afrikaanse agentskap vir maatskaplike sekerheid (Sassa), Binnelandse Sake, Suid-Afrikaanse Inkomste Diens, Verbruikerskrediet, Korrektiewe Dienste, Geslagsgelykheids-kommissie, Menseregtekommissie, Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, verskeie Nie-regeringsorganisasies, Transnet, PetroSA en die Onhafhanklike Polisie-ondersoek-direktoraat sal vanaf 08:00 beskikbaar wees.

Verskeie gemeenskappe in die landelike gebiede sal na die Thusong-sentrum vervoer word om toegang tot hierdie dienste te verkry.

Die Thusong-sentrum sal ook op 21 September sy vyf-jaarfeesviering van diensleweringsintegrasie en erfenis met al sy belanghebbendes en die breër gemeenskap vier. Dit begin om 11:00 en almal is welkom!

**RAPPORTEER VANDALISME & ONWETTIGE STORTING BY (044) 606-5000.**

**BELANGRIKE KENNISGEWING**

Hierdie rekening word ooreenkomstig die Raad se toepaslike beleid gelewer.

**SPERDATUM:**

Rekeninge is betaalbaar wanneer gelewer. Die sperdatum op die rekening is slegs van toepassing op die lopende rekening en nie op die agterstallige gedeelte van die rekening nie. Bedrae wat onvereffen is na die vervaldatum is agterstallig en die dienste kan opgeskort word sonder verdere kennisgewing.

**METODES EN PLEKKE VAN BETALING**:

1. POSORDERS moet gekruis en aan Mosselbaai Munisipaliteit betaalbaar gemaak word.
2. Betalings sal eerstens toegewys word na die oudste skulde(ongeag watter tipe diens), waarna dit in _ voorafbepaalde prioriteitsvolgorde toegewys sal word.
3. **Betalings kan soos volg gemaak word**;

3.1 by enige van die MUNISIPALE KANTORE Maandae tot Vrydae (vakansiedae uitgesluit) 08:00 tot 15:30 (Mosselbaai kantoor) en 08:00 tot 15:00 (Groot Brakrivier, Hartenbos, D'Almeida en Kwa Nonqaba kantore),

3.2 by enige PICK & PAY, SHOPRITE, CHECKERS of SPAR winkel. Let wel dat minstens 48 uur toegelaat moet word vir die verwerking van alle derde party betalings.

3.3 deur direkte BANK- en/of ELEKTRONIESE BETALINGS by **NEDBANK** waar Mosselbaai Munisipaliteit as begunstigde gegee word. U rekeningnommer moet as verwysing gebruik word.

3.4 deur outomatiese BANKAFTREKKINGS**.** Vorms hiervoor is beskikbaar by enige van die Munisipale kantore.

**RENTE:**

Rente sal ingevolge die Raad se beleid op agterstallige bedrae gehef word.

**OPSKORTING VAN DIENSTE**:

Die toevoer van dienste mag, indien enige bedrag na die sperdatum verskuldig is, sonder verdere kennisgewing opgeskort word. Die deposito sal terselfdertyd hersien word en toeslag, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, sal bygevoeg word ongeag of die toevoer fisies gestaak is al dan nie.

**REKENINGE:**

Indien geen rekening ontvang is teen die 10de van 'n maand nie, moet 'n afskrif vanaf die Munisipaliteit aangevra word. Die rekening moet te alle tye getoon word wanneer 'n betaling gemaak word.

**BEËINDIGING VAN DIENSTE**:

Wanneer 'n perseel ontruim word moet die vertrekkende verbruiker die Munisipaliteit minstens 15 dae vooraf skriftelik kennis gee. Versuim hiervan sal tot gevolg hê dat die persoon aanspreeklik bly vir kostes gehef tot datum wat die kennisgewing ontvang en verwerk is.

**VOORAFBETAALDE KRAG:**

Waar'n voorafbetaalde elektrisiteit meter in gebruik is en enige van die ander
dienste op die perseel agterstallig is, sal slegs eenhede vir 'n gedeelte van die bedrag, wat aangebied word, uitgereik word terwyl die res van die bedrag teen die uitstaande rekening verdiskonteer sal word. (Die persentasie verdeling word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal)

**IMPORTANT NOTICE**

This account has been rendered in terms of Council's relevant policies.

**DUE DATE:**

Accounts are payable when rendered. The due date on the account is only applicable on the current portion of the account and not the arrear portion.
Amounts, which remain unpaid after the due date, are in arrears and services
may be suspended without any further notice.

**METHODS AND PLACES OF PAYMENT**:

1. POSTAL ORDERS must be crossed and be made payable to Mossel Bay Municipality.
2. Payments will always be appropriated to the oldest account (notwithstanding the kind of service), where after it will be appropriated in order of a predetermined priority.
3. **Payments can be made**:

3.1 at any of the MUNICIPAL OFFICES from Mondays to Fridays (public holidays excluded) 08:00 to 15:30 (Mossel Bay Office) and 08:00 to 15:00 (Great Brak River, Hartenbos, D'Almeida and Kwa Nonqaba offices).

3.2 at any PICK n PAY, SHOPRITE, CHECKERS and SPAR shop. Please note that at least 48 hours should be allowed for processing of all third party payments.

3.3 by direct BANK – and/or ELECTRONIC PAYMENTS to **NEDBANK** using Mossel Bay Municipality as beneficiary. Your Municipal account number must be used as the reference number.

3.4 by way of an automatic debit order. These forms are available at any of the Municipal Offices,

**INTEREST**:

Interest will be levied on arrear accounts in terms of Council's policy.

**SUSPENSION OF SERVICES**:

The supply of services may be disconnected without any notice, if any amount is due after the expiry date. The deposit will simultaneously be revised and a surcharge, as determined by council from time to time, will be added whether the supply had been physically disconnected or not.

**ACCOUNTS:**

If no account has been received by the 10th of a month, a copy should be obtained from the Municipality. The account must at all times be produced when payments or enquiries are made.

**TERMINATION OF SERVICES**:

When premises are vacated, the consumer leaving such premises must give the Municipality 15 day's written notice prior to leaving. Failing to do so will result in this person being held liable for any levies until the date a written notice is received,

**PRE-PAID ELECTRICITY:**

Where a pre-paid electricity meter is in use and any of the other services on the property is in arrears, only units to the value of a portion of the amount tendered will be issued, the rest of the amount will be allocated to the arrear account. (The percentage of the division will be as determined by Council from time to time)

Account No/Rekening No: …………………………………...………

Title / Titel: …………..

First Names / Voorname: ……………...……………………....……

ID Number / ID nommer: …………:……..………….……….....…..

Surname / Van: …………………….…………………………....……

Postal address /Posadres: ……………….……………..……………..

…………………………..............……………………………………..

………………………………………………………………………….

Site Address /Perseel Adres: ………………………………………..

..............................……………………………………..……………

E-Mail/E-Pos: ……………………...……………………......………

Home/Huis Tel. No: ……………….………...………………………

Cell/Sel No: …………..……………………………………………….

Work/Werk Tel No: ..……...………………………………………..

VAT/BTW No: ……………………………………………………….

Language preference /Taal voorkeur: English / Afrikaans / Xhosa

Is this property permanently occupied?
Word die eiendom permanent bewoon? ……………………...……

If yes, by the owner or a tenant?
Indien ja, deur die eienaar of 'n huurder? …………..…………..…...

Would you prefer to have your account e-mailed to you?
Sal u verkies om die rekening per e-pos te ontvang? ……….

**FAKS, POS OF E-POS NA / FAX, MAIL OR E-MAIL TO:**

| | | |
|---|---|---|
| **FAKS/FAX NO.** | **(044) 606 5062** | |
| **E-POS/E-MAIL:** | **admin@mosselbay.gov.za** | |
| **ADRES/ADDRESS:** | **Privaatsak X29**<br>**MOSSELBAAI**<br>**6500** | **Private Bag X29**<br>**MOSSEL BAY**<br>**6500** |